Aantrek – Boek 8 – VLAK 0

Aktiwiteit 1: Maak vir elke leerder ’n fotokopie van die prent van die voetspoor op karton. Knip dit uit op die buitelyne en maak gaatjies waar aangetoon. Die diagram kan ook op dik material gekopieër en uitgeknip word. Die doel van die aktiwiteit is om leerders die geleentheid te gee om skoenveters te ryg en vas te maak. Die leerder plaas sy/haar voet bo-op die voetspoor en vou die sykante boontoe. Die leerder moet ’n skoenveter deur die gaatjies ryg en dit vasmaak sodat dit net soos ’n skoen lyk. Wys nou leerders wat nog nie veters kan vasmaak nie hoe dit gedoen word. Verdeel die aksie in kleiner stappe en herhaal elke stap totdat die leerder die hele aktiwiteit self kan doen. Wanneer die leerder die taak bemeester het, kan hy/sy die “skoen” inkleur of versier en huis toe neem om aan sy/haar ouers sy/haar nuwe vaardigheid te wys.



Aktiwiteit 2: Maak genoeg fotokopieë van die papierpop op karton en van die pop se klere op gewone papier vir elke leerder. Laat die leerders eers die klere inkleur en dan uitknip. Wys die leerders hoe om die pop aan te trek. Die leerders kan ook ekstra klere vir hulle pop maak.

Aktiwiteit 3: Elke leerder kan 'n prent van hulself teken. Hulle moet wys watter klere hulle graag dra en hoe hulle hulle hare dra. Leerders moet hulle name op die prent skryf en die prente kan in die klas opgesit word en bespreek word.